



# Nederduitse Gereformeerde Kerk

EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Beste Kollega

Baie predikante beleef frustrasies met Binnelandse Sake ten opsigte van die registrasie van huwelike. Dr Gustav Claassen, Algemene Sekretaris van die NG Kerk, het die afgelope twee maande drie gesprekke met die adjunkminister, Fatima Chonan, en senior amptenare van die departement gevoer.

## **Praktiese sake**

Die laaste gesprek het veral gegaan oor die frustrasies wat predikante beleef met die registrasie van huwelike. Ander denominasies was ook deel van die gesprek. Die volgende sake is bespreek en uitklaring is verkry:

- Die Departement van Binnelandse Sake sal ondersoek instel na die moontlikheid om 'n aantal algemene vrae en die antwoorde daarop op hulle webblad te publiseer (FAQ's).
- Die Departement van Binnelandse Sake sal ondersoek instel na die moontlikheid om kwartaaliks 'n opleidingsessie vir voornemende huweliksbevestigings te reël, waarna hulle die toets kan aflê. Daar sal dan ook probeer word om die uitslag van die toets binne 'n veel korter tyd as tans bekend te maak en nuwe huweliksbevestigings te registreer.
- Die webblad en SMS-nommer waar 'n huweliksbevestiging kon kontroleer of iemand reeds of steeds getroud is, werk nie meer nie omdat dit deur misdadigers misbruik is. Indien die huweliksbevestigings voor die troue bevestiging wil hê van die paartjie se huwelikstatus, moet die naaste kantoor genader word om self daar skriftelik bevestiging te kry van hulle status op die algemene bevolkingsregister. Niemand kan namens 'n ander persoon navraag doen nie.
- Volgens wet verval die geldigheid van 'n identiteitsdokument die oomblik wanneer 'n nuwe identiteitsdokument uitgereik word. Huweliksbevestigings moet dus bevestig dat hulle afskrifte maak van die jongste identiteitsdokumente van die paartjie en getuies.
- Die Departement van Binnelandse Sake erken dat daar tans verskille bestaan tussen die praktyke en voorskrifte van verskillende kantore. Terwyl hulle daaraan werk om die praktyke te standaardiseer, word huweliksbevestigings aangeraai om 'n goeie verhouding met die kantoorbestuurder van die plaaslike Binnelandse Sake op te bou en enige probleme onder sy of haar persoonlike aandag te bring. Indien 'n probleem nie opgelos kan word nie, kan hulle die distriksbestuurder van Binnelandse Sake nader.
- Waar nodig kan 'n predikant wat verhuis het die nuwe kantoor vriendelik versoek om solank 'n tydelike lêer oop te maak terwyl hulle wag dat die betrokke dokumentasie van die vorige kantoor oorgeplaas word. Dit is nog nie standaardpraktyk nie, maar 'n voorstel van die amptenare om die lang wagperiodes wat tans dikwels ontstaan te oorkom.
- Wanneer 'n predikant 'n Suid-Afrikaanse burger met 'n buitelandse in die huwelik bevestig, moet die paartjie vooraf 'n onderhoud by die plaaslike kantoor van Binnelandse Sake reël sodat daar bevestig kan word dat dit nie bloot 'n gerieflikheidshuwelik is nie. Die buitelandse moet ook 'n amptelike dokument van sy of haar land van herkoms indien wat bevestig dat daar in sy of haar eie land regtens geen beletsel teen die voorgename huwelik is nie.
- Dit is in beginsel moontlik om soortgelyke byeenkomste tussen amptenare van Binnelandse Sake en huweliksbevestigings in ander provinsies te reël.

## **Nuwe wetgewing**

In hierdie gesprekke is die nuwe wetgewing wat in die vooruitsig gestel word ook bespreek. Die NG Kerk is gevra om voorlopige kommentaar hierop te lewer. Iets wat vir baie predikante al frustrasies veroorsaak het, is die registrasie van

huwelike waar persone voorheen getroud was. Die adjunkminister het verduidelik dat bepaalde primêre verantwoordelikhede wat die registrasie van huwelike raak, naamlik dood, egskeiding, toesig oor minderjarige kinders en erfgename, tot aan die einde van 2018 nog onder die Departement Justisie geval het. Dit het tot administratiewe haakplekke gelei. Wat sake op beleidsvlak verder kompliseer, is dat drie wette ter sprake is. Dit is die Wet op erkenning van gebruiklike huwelike (Wet 120 van 1998), die Huwelikswet (Wet 25 van 1961) en die Wet op burgerlike verbintenisse (Wet 17 van 2006).

Die staat se belang by huwelike gaan oor veral vier aspekte:

- Ware instemming tot 'n huwelik deur albei partye.
- Die beskerming van kwesbare persone soos kinders of mense met verstandelike gestremdhede.
- Publiekregtelike uitvloeisels van huwelike soos dokumentering van onvoorsiene sterftes, egskeidings en erflatings.
- Die status van individue, veral in die lig van skynhuwelike met onwettige immigrante.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het 'n openbare verslag ter tafel gelê met voorstelle vir die herskrywing van wetgewing wat huwelike raak. Kerke is welkom om daarop kommentaar te lewer. Die adjunkminister het kerke genooi om reeds voor die skryf van 'n witskrif hulle oortuigings en standpunte oor belangrike aspekte van die huwelikswetgewing aan die Departement van Binnelandse Sake oor te dra.

Hierdie ontmoetings was hopelik die begin van 'n beter verhouding tussen die NG Kerk en die Departement van Binnelandse Sake. Goeie kommunikasie is veral met die minister opgebou. Dit maak die kanale oop om die talle frustrasies en verdragings met meer sukses te kan hanteer. Die Algemene Sekretaris wag egter nog om uitklaring van die adjunkminister te kry oor die wyse van registrasie ten opsigte van selfdegeslagverbintenisse.

Vriendelike groete

**Gustav Claassen**

Algemene Sekretaris

Nederduitse Gereformeerde Kerk